19 September 2021

Hoërskool Kategese

Jakobus 3:1-12

wat wil jy vandag bereik?

Die tong (woorde) is 'n probleem – nie net in die Kerk nie, maar in die wêreld waarin ons leef. Sosiale media maak dit selfs erger – cyberbullying is 'n misdaad wat soms ongesiens verbygaan en baie van ons was al daaraan onderwerp.

Ons maak mekaar met woorde dood. En selfs in die Kerk staan ons nie terug wat hierdie sonde betref nie – ons deel mekaar in kampe op, plaas mekaar in boksies, en dan looi ons mekaar met woorde. Ons skinder.

En met dieselfde tong, loof en prys ons Hom.

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede
van die NOUS span te nooi
om opleiding rondom hierdie metodiek
te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Vertel mekaar van 'n keer toe jy per ongeluk jou mond verby gepraat het. Het mense vir jou gelag of het iemand seergekry?

Het jy al iets gesê of gepost op sosiale media waaroor jy later spyt was?

Het jy al ooit gesien of gehoor hoe skinderstories iemand seermaak? Jy hoef nie die een te wees wat seergekry het nie. Is skinder 'n probleem in jou skool/dorp/omgewing? Is jy al ooit op sosiale media geboelie?

Kan jy dink aan 'n keer toe woorde jou positief of negatief beïnvloed het?

Wat is jou gunsteling *praise & worship* lied? Hoekom? Kyk of julle 'n Top 10 lys in julle groep kan saamstel.

word stil

Psalm 104 is een van die mooiste lofliedere:

31 Mag daar aan die roem van die Here geen einde wees nie!
Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf,
32 Hy wat na die aarde kyk, en dit bewe,
wat die berge aanraak, en hulle brand.
33 Ek wil tot eer van die Here sing so lank ek lewe,
ek wil die lof van my God besing so lank ek daar is.

Lees dit 'n paar keer deur.

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

Jakobus 3:1-12

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



gesels dan oor die volgende saam

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- "Stick and stones may break my bones, but words will never hurt me..." Is dit waar? Kan julle dink aan 'n paar maniere waarop ons mekaar met woorde seermaak? Noem 'n paar voorbeelde.
- "Vele het al deur die swaard geval, maar nie soveel soos deur die tong nie." Hoekom dink julle dis waar? Hoekom is die tong so gevaarlik? Is die tong regtig die oorsprong van die probleem?
- Net die Heilige Gees kan jou help om jou tong te tem. Hoe dink julle help Hy ons? Kyk ook na Ps 141:3.
- "Sinodes en kerkrade praat oor wat sonde is en wat nie nie – maar nog nooit het die 'tong' of 'skinder' ter sprake gekom nie. In die manier waarop ons in die Kerk, tussen mede-gelowiges, tussen ons christen-vriende, van mekaar verskil – nie die feit *dat* ons van mekaar verskil – maar in die *manier* waarop ons mekaar afbreek en beskinder, lê meer lyke gesaai as met enige ander sonde." Stem julle saam? Waar het jy dit (of die teendeel) raakgesien of dalk self ervaar?
- Lees Matteus 6:43-45. Wat is die konneksie met Jakobus 3:1-12? Hoe word ons harte verander?
- As Jesus die 'Woord' van God is, hoe kan ons hierdie Woord beter aanwend?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Dink aan praktiese maniere waarop jy (saam met die Heilige Gees) jou tong die week kan tem. Begin klein, met iets wat jy weet jy kan regkry, en werk dan daaraan die week.

Dink aan praktiese maniere waarop jy die week jou woorde vir goeie dinge kan gebruik. Maak 'n lysie van 7 dinge en besluit dan om elke dag van die week ten minste een ding te doen.

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Die ABC van gebed

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis
"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Danksegging
"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding
"Here, help my om..."